

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
TITUS 1	TITUS 1
1:1 Paulus, ‘n dienskneg van God en ‘n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is,	1 Paul, a servant of God and an apostle of Jesus Christ for the faith of God's elect and the knowledge of the truth that leads to godliness—
1:2 in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het,	2 a faith and knowledge resting on the hope of eternal life, which God, who does not lie, promised before the beginning of time,
1:3 en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die gebod van God, ons Verlosser—aan Titus, my ware kind volgens die gemeenskaplike geloof:	3 and at his appointed season he brought his word to light through the preaching entrusted to me by the command of God our Savior,
1:4 Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus, ons Verlosser!	4 To Titus, my true son in our common faith: Grace and peace from God the Father and Christ Jesus our Savior.
1:5 Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het—	5 The reason I left you in Crete was that you might straighten out what was left unfinished and appoint[a] elders in every town, as I directed you.
1:6 as iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugtelos is nie.	6 An elder must be blameless, the husband of but one wife, a man whose children believe and are not open to the charge of being wild and disobedient.
1:7 Want ‘n opsiener moet as ‘n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie;	7 Since an overseer[b] is entrusted with God's work, he must be blameless—not overbearing, not quick-tempered, not given to drunkenness, not violent, not pursuing dishonest gain.
1:8 maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers;	8 Rather he must be hospitable, one who loves what is good, who is self-controlled, upright, holy and disciplined.
1:9 een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.	9 He must hold firmly to the trustworthy message as it has been taught, so that he can encourage others by sound doctrine and refute those who oppose it.
1:10 Want daar is baie wat tugtelos is, wat onsin praat en verleiers is, veral die wat uit die besnydenis is;	10 For there are many rebellious people, mere talkers and deceivers, especially those of the circumcision group.
1:11 hulle mond moet gestop word. Hulle keer hele huise onderstebo deur te leer wat nie betaam nie, ter wille van vuil wins.	11 They must be silenced, because they are ruining whole households by teaching things they ought not to teach—and that for the sake of dishonest gain.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
1:12 Een uit hulle, hul eie profeet, het gesê: Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike.	12 Even one of their own prophets has said, "Cretans are always liars, evil brutes, lazy gluttons."
1:13 Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond in die geloof kan wees,	13 This testimony is true. Therefore, rebuke them sharply, so that they will be sound in the faith
1:14 en hulle nie besig hou met Joodse fabels en gebooie van mense wat van die waarheid afwyk nie.	14 and will pay no attention to Jewish myths or to the commands of those who reject the truth.
1:15 Alle dinge is rein vir die reines; vir die besoedeldes en ongelowiges egter is niks rein nie, maar hulle verstand sowel as hulle gewete is besoedel.	15 To the pure, all things are pure, but to those who are corrupted and do not believe, nothing is pure. In fact, both their minds and consciences are corrupted.
1:16 Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk.	16 They claim to know God, but by their actions they deny him. They are detestable, disobedient and unfit for doing anything good.
TITUS 2	TITUS 2
2:1 Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas.	1 You must teach what is in accord with sound doctrine.
2:2 Die ou manne moet nugter wees, waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in die liefde, in die lydsaamheid.	2 Teach the older men to be temperate, worthy of respect, self-controlled, and sound in faith, in love and in endurance.
2:3 Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is,	3 Likewise, teach the older women to be reverent in the way they live, not to be slanderers or addicted to much wine, but to teach what is good.
2:4 sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,	4 Then they can train the younger women to love their husbands and children,
2:5 ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.	5 to be self-controlled and pure, to be busy at home, to be kind, and to be subject to their husbands, so that no one will malign the word of God.
2:6 Vermaan die jong manne net so om ingetoë te wees.	6 Similarly, encourage the young men to be self-controlled.
2:7 Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid.	7 In everything set them an example by doing what is good. In your teaching show integrity, seriousness
2:8 Laat die woord gesond en onweerspreeklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie.	8 and soundness of speech that cannot be condemned, so that those who oppose you may be ashamed because they have nothing bad to say about us.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
2:9 Die diensknegte moet onderdanig wees aan hulle here, hulle in alles behaag en nie teëpraat nie;	9 Teach slaves to be subject to their masters in everything, to try to please them, not to talk back to them,
2:10 hulle moet niks ontvreemd nie, maar alle goeie trou betoon, sodat hulle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier.	10 and not to steal from them, but to show that they can be fully trusted, so that in every way they will make the teaching about God our Savior attractive.
2:11 Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn	11 For the grace of God that brings salvation has appeared to all men.
2:12 en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,	12 It teaches us to say "No" to ungodliness and worldly passions, and to live self-controlled, upright and godly lives in this present age,
2:13 terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,	13 while we wait for the blessed hope—the glorious appearing of our great God and Savior, Jesus Christ,
2:14 wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself ‘n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.	14 who gave himself for us to redeem us from all wickedness and to purify for himself a people that are his very own, eager to do what is good.
2:15 Spreek hierdie dinge en vermaan en bestraf in alle erns. Laat niemand jou verag nie.	15 These, then, are the things you should teach. Encourage and rebuke with all authority. Do not let anyone despise you.
TITUS 3	TITUS 3
3:1 Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk;	1 Remind the people to be subject to rulers and authorities, to be obedient, to be ready to do whatever is good,
3:2 om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle sagmoedigheid te bewys.	2 to slander no one, to be peaceable and considerate, and to show true humility toward all men.
3:3 Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op ‘n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.	3 At one time we too were foolish, disobedient, deceived and enslaved by all kinds of passions and pleasures. We lived in malice and envy, being hated and hating one another.
3:4 Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het—	4 But when the kindness and love of God our Savior appeared,
3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees	5 he saved us, not because of righteous things we had done, but because of his mercy. He saved us through the washing of rebirth and renewal by the Holy Spirit,

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
3:6 wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;	6 whom he poured out on us generously through Jesus Christ our Savior,
3:7 sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.	7 so that, having been justified by his grace, we might become heirs having the hope of eternal life.
3:8 Dit is 'n betroubare woord, en ek wil hê dat jy hierdie dinge beslis bevestig, sodat die wat in God glo, sorg kan dra om goeie werke voor te staan; dít is wat goed en nuttig is vir die mense.	8 This is a trustworthy saying. And I want you to stress these things, so that those who have trusted in God may be careful to devote themselves to doing what is good. These things are excellent and profitable for everyone.
3:9 Maar vermy dwase strydvrage en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos.	9 But avoid foolish controversies and genealogies and arguments and quarrels about the law, because these are unprofitable and useless.
3:10 Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning,	10 Warn a divisive person once, and then warn him a second time. After that, have nothing to do with him.
3:11 wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.	11 You may be sure that such a man is warped and sinful; he is self-condemned.
3:12 Wanneer ek Artemas of Tíchikus na jou stuur, doen dan jou bes om na my te kom in Nikópolis, want ek het besluit om daar te oorwinter.	12 As soon as I send Artemas or Tychicus to you, do your best to come to me at Nicopolis, because I have decided to winter there.
3:13 Jy moet Senas, die wetgeleerde, en Apollos ywerig voorhelp, sodat dit hulle aan niks ontbreek nie.	13 Do everything you can to help Zenas the lawyer and Apollos on their way and see that they have everything they need.
3:14 Ons mense moet ook leer om vir die noodsaaklike behoeftes goeie werke voor te staan, sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie.	14 Our people must learn to devote themselves to doing what is good, in order that they may provide for daily necessities and not live unproductive lives.
3:15 Almal wat saam met my is, groet jou. Groet die wat vir ons liefhet in die geloof. Die genade sy met julle almal! Amen.	15 Everyone with me sends you greetings. Greet those who love us in the faith. Grace be with you all.